# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

24/2026 (Skippertjie nr. 74) 31 Julie 2026

## IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Kleredrag en netheid
2. Skaak
3. Bring van items na die skoolkantoor
4. Landsdiens
5. Redenaars
6. Swem
7. Landloop
8. Rugby, netbal en hokkie
9. Personeelverjaardae
10. Skoolfonds vir 2026

**"Wie in die keinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar…"**

Lukas 16:10

**Afrikaanse idioom van die week**

**Aan die kortste end trek**

*Om die slegste daaraan toe te wees.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**3de:** 21 Julie – 23 September

**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

**Betroubaarheid:** So aan die begin van die derde kwartaal begin ons met 'n nuwe waarde, nl. betroubaarheid. Om betroubaar te wees beteken in kort dat mense kan vertrou dat jy gaan doen wat jy gesê het jy gaan doen. Met ander woorde hulle kan jou vertrou. Die kleur blou word aan hierdie waarde gekoppel met die tema *true blue*. Om betroubaar te wees behels konsekwentheid in jou optrede, eerlikheid in kommunikasie en integriteit in alle omstandighede. Mense soek na individue en instansies waarop hulle kan staatmaak, wat voorspelbaar en deursigtig is. Dit skep 'n gevoel van veiligheid en stabiliteit, wat noodsaaklik is vir samewerking en wedersydse respek. Wanneer jy betroubaar is, bou jy 'n reputasie wat jou vooruitgaan, 'n reputasie wat deure oopmaak en geleenthede skep. Die pad na betroubaarheid is egter nie altyd maklik nie. Dit vereis selfdissipline, die vermoë om verantwoordelikheid te aanvaar vir jou foute en die moed om reg te maak wat verkeerd is. Dit beteken om jou verpligtinge na te kom, selfs wanneer dit ongerieflik is en om altyd op te tree in ooreenstemming met jou waardes. Betroubaarheid is nie iets wat oornag gebeur nie, maar word eerder oor tyd opgebou deur hoe jy optree. Uiteindelik is betroubaarheid 'n keuse – 'n keuse om 'n persoon te wees waarop ander kan staatmaak. Dit is 'n eienskap wat nie net jou eie lewe verryk nie, maar ook die lewens van diegene rondom jou positief beïnvloed en sodoende 'n sterker gemeenskap te vorm. En natuurlik moet ons as volwassenes die voorbeeld van betroubaarheid vir ons kinders wees deur ons optrede. Lekker naweek.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Kleredrag en netheid**

'n Beroep word op ouers gedoen dat u asb. sal toesien dat leerders elke dag korrek geklee en skoon en netjies skool toe sal kom. Ook dat leerders se hare en ander bykomstighede volgens die skoolreëls sal wees. Baie dankie vir u samewerking. So help ons om self- en skooltrots by ons kinders te skep.

**2. Skaak**

Ons skaakspelers het baie goed gevaar tydens die Mosselbaai Topskole-kompetisie. Uitslae was as volg:

- 0.13 span – 1ste plek
- 0.11 span – 2de plek
- 0.9 span – 1ste plek
- 0.7 span (2de in die 0.9- afdeling)

Al vier die spanne dring deur na die Eden-Topskole kompetisie wat op 1 Augustus te Albertinia plaasvind. Baie geluk en baie sterkte.

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


**VOLGENDE WEEK SE PROGRAM**

Di, 4 Aug: o.10-o.13 Hokkie v Outeniqua
Wo, 5 Aug: Rugby/netbal v Outeniqua
Vr, 7 Aug: Beloningsdag
Gr. R Beroepedag
Sa, 8 Aug: Hokkie: o.7-o.9 (Sedgefield)
Rugby – SWD proewe




**BANKBESONDERHEDE**

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

### 3. Bring van items na die skoolkantoor

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om nie enige items na die kantoor te bring of stuur vir leerders nie. Dit sal onder geen omstandighede toegelaat word nie. Leerders moet asb. seker maak dat hulle alles wat nodig is vir die dag bv. kos, klere, boeke, ensovoorts inpak en saambring. So leer ons ons kinders om verantwoordelik vir hulle eie goed te wees. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

### 4. Landsdiens

Die volgende leerders het toekennings ontvang tydens die provinsiale kamp:

- Markus van Schoor word gekies as groepleier en ontvang 'n leierskap balkie.
- CJ Venter ontvang 'n goue prestasie balkie
- Aminé Cilliers ontvang 'n silwer prestasie balkie
- Scarlette Pieterse ontvang 'n silwer prestasie balkie
- Rainer Suhr ontvang 'n silwer prestasie balkie

Baie geluk ook aan Markus wat gekies word om die Suid-Kaap by die Nasionale kamp te verteenwoordig.

### 5. Redenaars

Die Park Redenaarsfees vind op 8 September plaas. Alle leerders wat wil deelneem moet hul naam en onderwerp by Juffrou Rosa of Tannie Carina gaan opgee.
* Baie sterkte aan Jana Kruger wat op 4 Augustus by Klein Kariba aan die Nasionale Finale rondte van die ATKV-Redenaarskompetisie deelneem.

### 6. Swem

Die volgende leerders het aan die Eden-kortbadkampioenskappe deelgeneem:

- Eckhardt Rentzke: 2de en 3de plek
- Liam Rentzke: Drie 2de plekke
- Jacques Rentzke: Twee 3de plekke

Mooi so!

### 7. Rugby, netbal en hokkie teen Laerskool Volschenk

Uitslae van die wedstryde teen Laerskool Volschenk was as volg:
**Netbal:** o.10A 8-13; o.10B 5-5; o.11A 2-18; o.11B 7-14; o.12A 7-10; o.12B 10-12; o.12C 14-9; o.13A 19-26; o.13B 14-12.
**Rugby:** o.11A 42-7; o.11B 19-0; o.13A 19-34; o.13B 26-0 .
**Hokkie – dogters:** o.7A 0-7; o.7B 0-4; o.8A 0-5; o.8B 0-8; o.9A 0-5; o.10A 3-4; o.11A 2-4; o.11B 0-3; o.13A 5-1; o.13B 0-0.
**Hokkie – seuns:** o.7A 1-5; o.7B 0-5; o.8A 3-1; o.9A 13-0; o.9B 0-1; o.10A 0-0; o.11A 0-4; o.13A 1-0; o.13B 0-1.

### 8. Landloop

Tydens die ASWD-landloopliga 6-byeenkoms het Liandi van Zyl 'n 2de plek behaal. Baie geluk! Hierdie naweek neem ons atlete in George deel. Baie sterkte.

### 9. Personeelverjaardae




Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 1 Augustus: Anneke Harmse

### 10. Skoolfonds vir 2026

**Maak asb. seker dat alle skoolfonds betaal is.** Skoolfonds vir 2026 is as volg:

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



**NB: Gebruik asb. die skool se nuwe bankbesonderhede *(sien die blokkie langsaan)***


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar


Randa Sport
083 390 8000
fb Randa Cycle and Run
Mossel Bay
Jou Hokkie Vennoot!
*Hokkie stokke
*Gloves
*Grips
*Shinguards
*Balls
*Keyrings
*Bags
GRYPHON
15 % Afslag vir alle Parkies !!
UNDER ARMOUR
Marsh Straat 43
( langs OK Minimark)
BROOKS

EST • '97

# HEIDERAND

## Hardeware & Elektries

## ONDER NUWE BESTUUR

**HARDWARE**
Vir elke projek

**ELEKTRIES**
Betroubaar en veilig

**BOU & VERF**
Kwaliteit wat lank hou

**SLOTTE & BESLAG**
Sekuriteit waarop jy kan staatmaak

**GEREEDSKAP**
Vir die vakman

**SNY VAN SLEUTELS**
Vinnig, akkuraat en betroubaar

28 Melkhout straat, Heiderand.

087 804 4419

heiderand.hardware@gmail.com

**VRIENDELIKE DIENS.**
**BESTE PRYSE EN KWALITEIT.**

*Volg ons op Facebook* **Heiderand Hardeware & Elektries**



NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

# MIOPIE:
# skokkende statistiek

### *redes vir toename:*

Teen 2050 kan **50%** van die wêreld bysiende wees.

Kinders raak vroeër miopies

Minder tyd buite

Te veel naby & skermwerk

Te min natuurlike lig

**Sorg dat jou kind NIE deel is van die statistiek nie...**



**SKAKEL ONS GERUS:**


044 695 1688

066 562 6754


19 Ryk Tulbach str, Da Nova




GET THE
SWIFT
WITH
R10 000
DEAL ASSIST
Fuel Efficient
4.4ℓ/100km
SWIFT
SUZUKI
PLATINUM DEALER
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za


GET THE
FRONX
WITH
R10 000
DEAL ASSIST
Fuel Efficient
5.5ℓ/100km
FRONX
SUZUKI
PLATINUM DEALER
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za


BALENO
7 YEAR
UNLIMITED KM
WARRANTY
WE'VE GOT YOU
BALENO
PROMOTIONAL 7-YEAR UNLIMITED WARRANTY WHEN PURCHASING A NEW SUZUKI BALENO BEFORE 31 JULY 2026.
BOOK A TEST DRIVE
SUZUKI
PLATINUM DEALER
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za


GET THE
ERTIGA
WITH
FREE
SMASH & GRAB
Fuel Efficient
6.2ℓ/100km
ERTIGA
SUZUKI
PLATINUM DEALER
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za


GET THE
EECO
WITH
R15 000
DEAL ASSIST
Fuel Efficient
5.4ℓ/100km
EECO
SUZUKI
2025/2026
PLATINUM
DEALER
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
*Model/s shown may vary from actual stock. T's & C's Apply. E & OE. Tavcor Motor Group (Pty) Ltd, an Authorised Financial Service Provider FSP no.10213.